# 26 *Saterdag*

**SKRIFGEDEELTE: NUMERI 20:22 – 21:3**
**FOKUSGEDEELTE: NUMERI 20:26**

## Eleasar en ’n nuwe era

Eleasar is ’n naam wat dikwels in die Ou Testament voorkom. Hierdie naam beteken: “God het gehelp.” Verskillende persone het hierdie naam gedra, waarvan die derde seun van Aäron die bekendste is. Die naam Eleasar was ’n geliefde naam in priesterlike kringe. Een maal kom hierdie naam in die Nuwe Testament voor: in die geslagsregister van Jesus Christus as voorvader van Josef (Matt. 1:15).

Die mantel van hoëpriesterskap het met Aäron se sterwe op Eleasar geval. Hy moes hierdie taak oorneem waar Moses die klere van Aäron vir hom moes aantrek. ’n Era van eiewilligheid het hiermee tot afsluiting gekom, waar Aäron oor ongehoorsaamheid volgens die voorsegging van die Here gesterf het (20:24). Waar die laaste skof van die volk se reis na die beloofde land voorgelê het, het in Eleasar se aanstelling ’n nuwe era van ’n volgende geslag aangebreek waar die Here vertroue in Hom en gehoorsaamheid aan Hom gevra het.

Op pad na die beloofde land moes ’n volgende geslag weet dat die Here getrou is. Hy bly getrou aan sy woord soos in die sterwe van Aäron, maar ook in die aanstelling van Eleasar. Getrou wil God sy volk lei en tot hulp wees. Dit is duidelik in die verowering van die Kanaäniete (21:1-3). In hierdie nuwe era vra die Here, wat sy volk getrou tot hulp is, egter om Hom getrou op die lewenspad te gehoorsaam.

Die bedeling van Ou-Testamentiese hoëpriesterskap het tot ’n einde gekom. Die Nuwe-Testamentiese kerk is nie sonder hoëpriester nie. Christus is ons Hoëpriester, deur die Vader daartoe aangestel. In Hom het ’n nuwe bedeling van volmaakte hoëpriesterskap aangebreek. Getrou aan sy woord, is God ons in Christus tot hulp en leiding onderweg na die hemelse Kanaän.

In hierdie nuwe era vra God vertroue in Hom vir sy hulp. Gehoorsaamheid aan Hom. Om in geloofsverbondenheid met Christus, Wie se geboorte gister in herinnering geroep is, onsself priesterlik as ’n lewende dankoffer aan ons enigste Hoëpriester – deur Wie God ons tot hulp is – op die lewenspad vorentoe toe te wy.

*Sing: Psalm 32:4 (1936)*

*Ds. EJ (Eddie) Tiemensma (Kempton Park)*